higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 3

(11020263)

2 Desember 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

588Q1N2402

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ‘n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs swart of blou ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Pyplyne is die gerieflikste en mees ekonomiese metode om vloeistowwe te vervoer. ☆

1.2 Wanneer ‘n mens ‘n pakhuis kies, is dit belangrik om sekuriteit in aanmerking te neem.

1.3 Areas soos Isando, Sebenza en Jet Park is naby Lanseria Lughawe geleë.

1.4 Gebrekkige voorraadbeheer lei tot wanorde en groot verwarring in die pakhuis.

1.5 Die verkrygingsproses is die proses wat voorkomende instandhouding behels.

1.6 ‘n Klantediensbeleid moedig personeel aan om harer as die klant se skree.

1.7 Slytasie op bande hang af van die vrag wat vervoer word.

1.8 Lugvervoer is die vervoermetode wat die minste vir vragvervoer gebruik word.

1.9 Die doel van materiaalhantering is om goedere oor die kortste afstand moontlik te beweeg.

1.10 ‘n Bestelling gaan altyd die uitsoek van goedere vooraf. ☆

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies ’n item/term/beskrywing uit KOLOM B om by ’n item/term/beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1 ☆	Hanteer negatiewe, onbeskofte en ontstoke kliënte	A	voertuigmonitering
2.2	Enige stof wat verminder, hergebruik en herwin kan word	B	kreatiewe herwinning (‘up-cycling’)
2.3	Toedraai of bedekking van goedere en materiaal	C	vragbrief
2.4	20% van die voorraaditems sal vir 80% van die verkope verantwoordelik wees	D	afval
2.5	Stelsels wat ontwerp is om te verseker dat bestuurders by die spoedperk hou en hulle paslik gedra	E	bergingskaste
2.6	Die ondersteuning wat aan klante gebied word voor en nadat hulle die produk koop	F	Pareto-ontleding
2.7	Gee ‘n item ‘n nuwe, meer waardevolle doel	G	moeilike klante
2.8	Dit kan met rakke, laaie of ‘n kombinasie van die twee toegerus word	H	voorraad
2.9	Alle items in ‘n winkel wat aan die onderneming behoort	I	klantediens
2.10	Die dokument wat deur ‘n vervoermaatskappy aan die verskaffer van die goedere wat vervoer moet word, uitgereik word	J	verpakking
		K	pyplyn
			☆

(10 × 1) **[10]**

TOTAL SECTION A: 20

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 Beskryf VIER nadele van spoorvervoer. (4 × 2) (8)

3.2 Verduidelik TWEE kenmerke van pyplyne. (2 × 2) (4)
[12]

☆

VRAAG 4

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Checkers het 'n plig om sy produkte aan almal regoor Suid-Afrika af te lewer. Oor 'n tydperk van agt maande het Checkers sy bedrywighede geëvalueer en al die nodige veranderings geïmplementeer om voorraadkrimping te verminder, doeltreffendheid te verhoog en werknemeromset te verlaag.

Checkers het 'n pakhuis-en-verspreidingstrategie verskaf wat buigsaam, responsief en doeltreffend is, asook toegewyde en ervare personeel om die fasiliteit te bestuur. Aanvanklik kon hul pakhuis nie sy vlak van waardetoevoegingsdienste en omset akkommodeer nie. Checkers het toe verskeie ingenieursdeskundiges ingebring om 'n wye verskeidenheid oplossings te integreer ten einde produkte meer doeltreffend deur die pakhuis te laat beweeg en uitgawes te beheer.

Checkers het gestandaardiseerde prosesse geskep wat toepaslike voorraadvlakke vasgestel het om te verseker dat die regte hoeveelheid voorraad op enige spesifieke tydstip gehou word. Checkers spoor voorraadvlakke na deur middel van sy pakhuisbestuurstelsel en waarborg die gehalte van sy volgordebepaling. Die pakhuisbestuurstelsel maak dit makliker om te sien waar die produkte is, sodat werkers dies voorraad vinnig kan opspoor.

Checkers verskaf bestuurderopleiding op 'n jaarlikse basis. 'Vir ons begin dit met mense,' verduidelik Moses (die vlootbestuurder). 'Ons bestuurders moet betroubaar en klantediensgerig wees'. Moses sê dat die opleiding 'n oriëntasie tot Checkers en die klant insluit, asook 'n strawwe veiligheidskursus.

[Vertaal uit: *www.reaserchgate.net*]

4.1 Volgens die gevallestudie het Checkers die klante en hul behoeftes en begeertes identifiseer.

Beskryf VYF waarheidsmomente in die vervoerproses. ☆ (5 × 2) (10)

4.2 Noem VIER elemente van Die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Afval. (4 × 2) (8)

4.3 Die gevallestudie noem dat Checkers 'n enkele toegangspunt ingestel het en die algehele pakhuisontwerp verbeter het om sigbaarheid te verbeter en geleenthede vir diefstal te verminder.
Noem VYF pakhuis-en-bergingsbestuursuitdagings. (5 × 1) (5)

4.4 Checkers het gestandaardiseerde prosesse ontwikkel wat toepaslike voorraadvlakke vasgestel het om te verseker dat die regte hoeveelheid voorraad op enige tydstip gehou word.

Beskryf VYF voorraadtipes. (5 × 2) (10)
[33]

☆

VRAAG 5

5.1 Voltooi die volgende diagram wat die proses vanaf ontvangs van die bestelling tot die aflewering van die bestelling illustreer deur die korrekte woorde uit die lys hier onder te kies.

Verspreiding, Faktuur, Verkoopsbestelling, Uitsoeking, Aflewering, Roetering



(6 × 2) (12)

5.2 Checkers noem dat sy voertuigbestuurders betroubaar en klantediensgerig moet wees.

Noem en verduidelik DRIE beginsels wat by die hantering van moeilike klante in aanmerking geneem moet word. (3 × 2) (6)

5.3 Beskryf VYF afvalbenutting-en-wegdoeningsmetodes. (5 × 2) (10)

☆

5.4 Noem VIER seël- en vulmateriale. (4 × 1) (4)
[32]

VRAAG 6

6.1 Noem VIER items en komponente vir die berging van klein items. (4 × 1) (4)

6.2 Volgens die gevallestudie kon Checkers nie sy vlak van waardetoegevoegde diens en deurset akkommodeer nie.

Bespreek VYF faktore wat die keuse van geskikte pakhuisbergingsopsies beïnvloed. (5 × 2) (10)

6.3 Noem en verduidelik VYF veiligheidsmaatreëls vir materiaalhantering. (5 × 2) (10)

6.4 Beskryf VIER betalingsopsies. (4 × 2) (8)

6.5 Gee DRIE komponente van klantediens. (3 × 1) (3)

[35]

VRAAG 7

7.1 Gee ‘n kort uiteensetting van TWEE terugsendingsbeleidsdokumente. (2 × 1) (2)

7.2 Identifiseer die volgende skeidings- en verpakkingsmateriaal:

7.2.1



7.2.2



7.2.3



7.2.4



7.2.5



☆

(5 × 1) (5)

7.3 Verduidelik DRIE administrasieprosesse wat gebruik word om bates en goedere aan te koop. (3 × 2) (6)

7.4 Noem TWEE metodes wat vir voorraadbeheer gebruik word. (2 × 1) (2)

7.5 Beskyf EEN tipe verpakking. (2)

7.6 Noem EEN rol of aspek van instandhouding en ondersteuning. (1)

[18]

☆

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou